# DIE WEGPEN

**Uitgawe Nr. 18**
**27 September 2011**


## Wegtrek

Welkom!!

Die Jukskei seisoen is nou besig om spoed op te tel.

Die Openingstoernooi is om die draai en die Meesters Toernooi begin Saterdag 1 Oktober met die Pruimpie Botha Trips.

## Van die Bestuur

### Algemeen

Die finale indeling van die direkteure se poste is as volg gedoen:

| | Portefeulje | Sub-Portefeulje |
|---|---|---|
| Theuns le Roux | Akademie & Afrigters | |
| Louwtjie Hugo | Finansies | B&C Toernooi |
| Annetjie de Klerk | Administrasie | |
| Paul-Daniel Marais | Deelname & Werwing | |
| Willem Marais | Skeidsregters | |
| Christel Rossouw | Ontwikkeling & Kommunikasie | |
| Nelius Rossouw | Juniors | |

### Administrasie & Finansies

Die Direkteur Administrasie het reeds die nuwe informasie/regsitrasie vorm soos deur Jukskei SA aan ons voorgeskryf is, aan die klubs versend. Elke speler moet hierdie vorm voltooi en teken, in die geval juniors, deur hulle ouers of voogde. Hierdie vorms moet asseblief volledig voltooi word en ons sal ongelukkig moet optree teenoor spelers en klubs wat nie hierdie vorms voltooi nie. As julle dalk die vorm ook elektronies kan voltooi en deurstuur per e-pos sal dit ook waardeer word.

Hier volg 'n lys van finansië verpligtinge:

**Registrasie per speler**

| | |
|---|---|
| R 120.00 | Senior en junior spelers wat aan Boland liga deelneem en SA's toegaan. |
| R 40.00 | Geassosieerde speler, senior en junior |
| R 40.00 | Juniors wat net aan skoleliga deelneem |
| R 15.00 | Sosiale spelers, senior en junior |

## Aktiwiteitsprogram:

1 Oktober 2011
Wes-Kaap Ontwikkelingskliniek
Bellville
******
Pruimpie Botha-Trips
Kroonstad

3-5 Oktober 2011
Meesters Tooernooi
Kroonstad

8 Oktober 2011
Openingstoernooi
Wellington

15 Oktober 2011
Skoleliga / Keuring
Sandbaai

22 Oktober 2011
Boland Liga
Sandbaai

29 Oktober 2011
Skole Liga / Finale Keuring
Wellington

05 November 2011
Kus/Binneland

Boland Jukskei 60
1951 - 2011

**Affiliasie**

| | |
|---|---|
| Afrigters | Skeidsregters |
| R40 per person | R45 per person |

## Deelname

Inskrywings vir die Openingstoernooi sluit 3 Oktober 2011.

# Juniors

Die Junior bestuur is volstoom aan die gang en die 1ste skoleliga het plaasgevind op Saterdag 17 September op Worcester se bane. Die volgende skoleliga vind plaas op 15 Oktober te Sandbaai

**2de AJV van Junior Vereniging**

Die 2de AJV van die Boland Junior Vereniging het plaasgevind op Saterdag 6 Augustus te Worcester-bane. Tydens die vergadering is die volgende persone tot die bestuur verkies:

| | |
|---|---|
| Voorsitter: | Nelius Rossouw |
| Onder-voorsitter: | Barthlo Theron |
| Sekretaris: | Annetjie de Klerk (deur bestuur gevra om uit te help) |
| Addisionele lede: | Mariette le Roux |
| | Johan Calitz |

Sterkte en dankie aan hierdie persone.

**Wes-Kaap Ontwikkelingskliniek**

Op Saterdag 1 Oktober is daar 'n Wes-Kaap Ontwikkelingskliniek op die Bellville-bane. Die kliniek vind plaas van 08:00 tot 16:00. Na afloop van die dag sal daar 2 Akademie-spanne gekies word om deel te neem aan hulle eie kompetiese gedurende die SA Junior Kampioenskappe.

**Finansies**

Alle skole wat deelneem aan die Skoleliga moet asseblief R20 in betaal by die unie en alle spelers moet registrasie betaal van R40 per speler. Spelers wat gekies word vir die SA Kampioenskappe sal 'n addisionele R80 moet in betaal.

# Lief en Leed

**Ons het verneem dat Carina Botha se man en Toeks Botha se seun in 'n ongeluk was.**
**Ons wens hulle sterkte toe en hoop hy raak gou gesond.**

# 2de Kaapland Klubkampioenskappe

Die 2de Kaapland Klubkampioenskappe het plaasgevind op Saterdag 27 Augustus te Riversdal. OP het op 'n laat stadium laat weet dat hulle geen spanne gaan stuur nie en die loslooitjie is toe deur ander spanne volgemaak.

Die uitslae was as volg:

**A-spanne**
1. Hartenbosch
2. Slanghoek
3. Bonnievale

**B-spanne**
1. Riversdal B3
2. Korrektiewe Dienste
3. Oukraal

**C-spanne**
1. Riversdal C1
2. Hartenbosch C3
3. Robertson C2

Geluk aan al die wenners.

## Charl Marais-dag

Die Charl Marais-dag het plaasgevind Saterdag 24 September te Worcester-bane.

Agtien spanne het deelgeneem aan die dag se wedstryde en vier spanne van Noordweste het ook kom speel.

Na 'n strawwe dag se spel was die uitslae as volg:

**A-Spanne**
1. Noordweste
2. Sassar & Leeus

**B-Spanne**
1. Noorweste B1
2. Fleur-de-Lis
3. Noordweste B1 & Sassar

**C-Spanne**
1. Oukraal
2. Groenberg
3. Noordweste C1

Dankie vir almal wat deelgeneem het en almal wat gehelp het met die reëlings.

# Lag 'n Slag

Oom Koos van die Oos Transvaal besit sy plasie nou al vir donkiejare.

Skuins agter die bloekoms het hy destyds vir sy kinders die plaasdam in 'n swemplek omskep en goed ingerig, met piekniektafels, braaigeriewe en vrugtebome.

Een aand, so skemer se kant, besluit Oom Koos, in sy eensaamheid, om bietjie daar by die dam te gaan sit. Hy neem toe ook 'n emmer saam om 'n paar van die vrugte terug te neem huis toe.

Soos wat hy aangestap kom, hoor hy vrolike stemme gesels en giggel. Hy val plat agter 'n bos en loer deur die takke om te sien wat aangaan. Tot sy swak hart beleef

hy 'n groep kaal meisies wat in die dam swem. Hy staan toe op en stap nader om die meisies te laat weet hulle betree eintlik 'n ander man se eiendom. Toe hulle hom sien, sak hulle almal laer af, sodat die water die nodige toemaak.

Een van die meisies skreeu benoud op die oom: *"Ons klim nie uit voor oom nie weggaan nie!"*

*"Nee, nee, bedaar niggie, ek is nie hier om te kyk hoe die spulletjie van julle kaal swem nie….. "* Hy hou die emmer omhoog en sê:

*"Ek is net gou hier om die krokodil kos te gee……………… "*

*xxxxxXXxxxxx*

Twee meisie veldmuise sit elkeen met n pakkie kaaskrulle en praat oor hul kêrels.
Die een meisiemuis haal 'n foto van haar muiskêrel uit en wys dit vir haar vriendin. Dis 'n pragtige seunmuis met donker strepe oor sy breë skouers.

"Sjoe, maar hy's nogal 'handsome'!", se die vriendin. "Maar laat ek jou wys hoe my kêrel lyk", se sy terwyl sy 'n foto uit haar handsakkie haal.

"Maar dis dan 'n vlermuis!", se die ander vriendin verbaas.
Geskok gryp sy die foto terug, kyk daarna en roep uit: "Die klein 'rubbish'! En hy vertel al die tyd vir my hy's 'n vlieenier!"

xxxxxXXxxxxx

Ampie is 'n beesboer. Goeie mens, uit een stuk gesny.
Hy het 'n seuntjie, wat ten tye van die episode sowat drie jaar oud was. 'n Regte klein bulletjie.
Volg sy pa soos 'n skaduwee oral op die plaas rond..
Sondag gaan hulle kerk toe. Eers vertrek Ma en Ouma met die motor..
Pa en seun is nog by die beeste besig, en hulle volg later met die bakkie.
Na die diens, by die tee drinkery, vertel Ma dat sy die Mercedes se uitlaat gehaak het, en dit klink nie te goed nie.
Ampie moet asseblief kyk of sy so kan huis toe ry.
Daar langs die kerksaal, trek hy sy swart baadjie uit, en seil onder die kar in. Seuntjie agterna.
Nuuskierige omstanders ook.
Dominee vra: 'Hoe lyk dit broer Ampie?'
Die 3 jarige seuntjie loer onder uit: ' Die fotten ding is fattap!'
Geskokte stilte.
Dominee: 'Broer Ampie?'
Ampie (loer nie onder die kar uit nie): 'Dominee, ek is bevrees die kind is reg!'

## Fluit fluit my storie is uit…

.
As julle enige iets in die nuusbrief wil plaas, stuur dit asseblief vir my na Louw.Hugo@Gmail.com of faks dit na 086 626 5767 en ek plaas dit in die volgende Wegpan. Groete.

Louwtjie

# BOLAND JUKSKEI-UNIE SPEELROOSTER VIR 2011 - 2012

**Datum van uitgegee: 10/08/2011**

| DATUM | KOMPETISIE | PLEK | BEGIN | INSKRYWING sluit | NOTA |
|---|---|---|---|---|---|
| 27/08/11 | Kaapland Klubkampioenskappe | Riversdal | 08:00 | | |
| 03/09/11 | | | | | |
| 10/09/11 | Groenberg opedag | Sandbaai | | | |
| 17/09/11 | Skole Liga / Keuring | Worcester | 09:00 | | |
| 24/09/11 | Charl Marais dag | Worcester | 08:00 | 20/09/11 | |
| 01/10/11 | | | | | |
| 08/10/11 | Openings Toernooi | Wellington | 08:00 | 03/10/11 | |
| 15/10/11 | Skole Liga / Keuring | Sandbaai | 09:00 | | |
| 22/10/11 | Boland Liga | Sandbaai | 14:30 | 03/10/11 | 1/3 |
| 29/10/11 | Skole Liga / Keuring | Wellington | 09:00 | | |
| 05/11/11 | Wyksbonde | | | | |
| 12/11/11 | Oefenkamp Juniors | Worcester | | | |
| 19/11/11 | Streekwedstryde | Worcester | 08:00 | 15/11/11 | 1 |
| 26/11/11 | Groenberg opedag | Sandbaai | 08:00 | | |
| 03/12/11 | WP / BOLAND | Bellville | | | 2 |
| 10/12/11 | Gansbaai opedag | Gansbaai | | | |
| | SA Juniorkampioenskappe begin | Kroonstad | | | |
| 16/12/11 | SA Juniorkampioenskappe eindig | Kroonstad | | | |
| 07/01/12 | Slanghoek Familiedag | Worcester | 08:00 | 04/01/12 | |
| 14/01/12 | Japie Raats dag | Kleinmond | | | |
| 21/01/12 | Streek Trips | Sandbaai | 08:00 | 17/01/12 | 1 |
| 28/01/12 | Wyksbonde | | | | |
| 04/02/12 | MP Prinsloo toernooi | Beaufort-Wes | | | 2 |
| 11/02/12 | Boland liga  Finale Keuring | Worcester | 14:30 | | 1/2/3 |
| 18/02/12 | BOLAND / WP | Wellington | 09:00 | | 4 |
| 25/02/12 | Skole liga | | | | |
| 03/03/12 | Driehoekige toernooi | Swellendam | | | 4 |
| 10/03/12 | Boland liga  Afsluiting | Wellington | 14:30 | 06/03/12 | 3 |
| 17/03/12 | Kerneels van Deventer | Worcester | 08:00 | | |
| 24/03/12 | Boland oefendag verpligtend | | | | |
| 31/03/12 | SA Senior Kampioenskappe begin | Kroonstad | | | |
| 05/04/12 | SA Senior Kampioenskappe eindig | Kroonstad | | | |

**Nota**

**1.** Seniors wat aan die SA Kampioenskappe wil deelneem moet 60% van die **wedstryde** wat op die dae gespeel word, speel.
**2.** Seniors wat aan die SA Kampioenskappe wil deelneem moet hierdie dae speel.
**3.** Oggend program sal later gefinaliseer word.
**4.** Spelers gekies vir SA Kampioenskappe **moet** hierdie dae speel.